



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 1/15
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2015.

Die 20 ste Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind om **17:00** op **Donderdag, 19 Maart 2015** in die Seremoniële Kantoor in Kasteel de Goede Hoop plaas. (Parkering: tussen bastionne Leerdam en Oranje, uit Darlingstraat.)

Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 2015.

1. Verwelkoming en Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Kennisgewing van afwesigheid.
4. Notule van AJV, 2014. (Sien Bylae A.)
5. Voorsitter se Jaarverslag, 2014. (Sien Bylae B.)
6. Finansiële Jaarverslag, 2014. (Sien Bylae C.)
7. Goedkeuring van nuwe Grondwet. (Sien Bylae D.)
8. Verkieing van uitvoerende komitee. (Die dienende lede is almal bereid om 'n verdere termyn te dien. Die waarnemende lede-sekretaris, me. S. Gelderblom, sal as permanente lede-sekretaris voorgestel word.)
9. Projekte vir 2015. (Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte voor te lê, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As 'n voorstel aanvaar word, kan die voorsteller op die uitvoerende komitee se steun staatmaak.)
10. Bykomende sake.
11. Gasspreker: Mnr C. Gilfellan (Hoof Uitvoerende Beampte, Kasteel de Goede Hoop): "**Kasteel de Goede Hoop: Gereed vir die volgende 350 jaar?**"
12. Afsluiting.
13. Heildronk en Sosiaal.

Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie; so gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: '*Huis van Oranje!*' Dit is nie nodig om iets vir die heildronk saam te bring nie, want die volgende borge maak dit moontlik: **De Oude Compagniespost, Lourensford-landgoed, Asara Kelder, Etienne Leriche.** Ondersteun hulle asseblief, soos hulle ons Stigting help.

***Algemene Jaarvergadering.** Ons doen 'n dringende beroep op elke lid om asseblief dié vergadering by te woon. Ons gee 'n maand kennis van die komende vergadering, sodat u asseblief u sake so kan reël dat die namiddag van Donderdag, 19 Maart oop bly vir diens aan die Stigting. Dit is belangrik om aan ons gasspreker, mnr C. Gilfellan, hoof uitvoerende amptenaar van Kasteel de Goede Hoop, 'n sterk front te toon. Ons het 'n vol saal nodig; verskonings vul geen stoele nie. Inteendeel, 'n lang lys verskonings en leë stoele dra 'n boodskap van apatie en swakheid. Dit is nodig dat ons gas, as belangrike bewaringspersoon, ons in volle sterkte daar vind, om hom van ons Stigting se krag, aktiwiteit en gesaghebbendheid te oortuig. Ons is altyd van ons lede afhanklik, en verlede jaar was ons nie teleurgestel nie. Kom stel opbouwende vrae en maak goeie voorstelle aan hom, wat hom met ons Stigting se waarde vir kultuurbewaring sal beïndruk. Ons doen ook 'n beroep op susterverenigings soos die Orde van de Prinsen, Vriende van SASNEV en Stigting Simon van der Stel wat dikwels ons lesings bywoon; bring ook familieledes, vriende en bure saam wat moontlik lede van hierdie Stigting kan word. Ons is 'n unieke vereniging, wat nuttige, praktiese opvoedings- en bewaringswerk doen. Verseker ons asseblief van u beplande bywoning, deur sekretaris Rudolf Rode by rodecb@icloud.com te e-pos.

As enige lid 'n ander lid as moontlike komiteelid by die AJV wil voorstel, is dit nodig om vooraf daardie persoon se toestemming te kry.

Die Seremoniële Kantoor is op die tweede vloer in die muur tussen bastionne Leerdam en Oranje, agter die standbeeld van Ons Dame van Goeie Hoop. Dit is waar baie belangrike besoekers ontvang en onthaal word. Ons naambord staan voor die stoep. Gaan die trappies op, gaan die portaal binne en draai links. Dra asseblief u lapelspeld en naamplaatjie. Lapelspelde is te koop (R70 elk). Plastiek naamplaatjies is gratis by die AJV te kry vir die wat dit nie reeds het nie.

Bylaes: Aan die einde van hierdie *Generale Missive* vind u vier Baie Belangrike Bylaes, naamlik die Notule van 2014 se AJV, die Voorsittersverslag vir 2014, die Finansiële Staat, 2014 en ons voorgestelde Grondwet in konsepvorm. Ons stuur die bylaes vroegtydig aan lede om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd by die AJV te spaar. Bring dit asseblief in gedrukte vorm daarheen saam, indien verlang. Bylae D is nie ingesluit by *Generale Missives* wat per gewone pos gestuur word nie, omdat dit die nuusbrieff (26 bladsye) onbekostigbaar sal maak. Jammer daarvoor.

Jaar 2015

Die Bestuurskomitee wens ons lede 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Ons kyk eers 'n oomblik terug, en daarna weer vorentoe:

1615: Dié jaar was skaars 'n maand verby toe VOC-skipper Dirk Hartogh van *Eendracht* op die weskus van die Suidland aan land gaan, 'n gebeurtenis in betekenis gelyk aan Columbus se aankoms in Wes-Indië. Daarna neem belangstelling in Australië toe. Die VOC stuur twee spesiale ontdekking-ekspedisies, dié van Tasman (1642) en De Vlamingh (1696) daarheen, maar laasgenoemde vind die land woest en leeg, met niks te verhandel nie.

1715: Goewerneur M. Pasque de Chavonnes begin sy tweede jaar in die amp. In Maart hef die Kaapse Politieke Raad die eerste keer belasting op die verkoop van wyn - dit staan tot vandag toe nog. In September kom die skip *Leijdsman* met 179 ingeruilde slawe uit Madagaskar terug. In Novembermaand word die eerste keer 'n boerekommando vir militêre diens opgeroep, teen die Sonqua in die Vierentwintigriviere-Roodezand gebied wat desperate weerstand teen koloniale uitbreiding bied. Louis XIV ('die Sonkoning') sterf in September, na 55 jaar op die Franse troon. In dieselfde maand, op die koning se bevel, neem kaptein G. d'Arzel in die Franse oorlogskip *Le Chasseur* besit van die verlate Kaapse buitepos Mauritius.

1815: In Maart keer prins Willem Frederik terug uit Engeland, waar sy oorlede vader in 1795 asiel gesoek het, en word as koning van Nederland gekroon. Op 18 Junie word Napoleon by

Waterloo, 13 myl suid van Brussel verslaan. Koning Willem se seun en latere opvolger Willem II, is opperbevelhebber van die geallieerde magte teen Napoleon; sy monument is die grootste op die slagveld. By die Kongres van Wene (Wien) stel die oorwinnaars verdrae op. Napoleon word St Helena-eiland toe verban. Nederland en België sal onder koning Willem I verenig word – dit lei binne dekades tot ’n onafhanklikheidsoorlog. In Kaapstad word die Hooggeregshof geopen, in ’n nuwe gebou wat vandag die Slawelosie Museum huisves.

1915: Dit is die tweede jaar van die Eerste Wêreldoorlog. In Turkye begin die volksmoord op Armeniërs waarin honderdduisende sterf. Brittanje kondig die juridies-omstrede *Reprisal Order* af, waarmee die ekonomiese aspek van die oorlog teen Duitsland ’n nuwe fase ingaan. In Kaapstad verskyn *Die Burger* die eerste keer op 26 Julie 1915.

2015: Stigting VOC begin sy twintigste jaar van aktiewe bewaring. Veel is in dié twee dekades bereik en ’n vol bewaringsprogram lê weer voor. In ’n tyd en ’n lewe waarin gemeenskappe alle vorms van kultuurbewaring in hul eie hande sal moet neem, is dit noodsaaklik dat ons Stigting volhou ten opsigte van die tasbare en ontasbare VOC-erfenis.

Lede-nuus

* Ons verwelkom aan boord ons nuwe lid, prof Peter Lor van Sedgefield. Hy was voorheen verbonde aan die Departement Informasie Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Ons hoop dat sy lidmaatskap ’n lang, gelukkige en wedersyds voordelige ervaring sal wees. Neem asseblief aan ons bewaringswerk deel en skryf aan ons oor VOC-sake.

* Ons stigterslede Gawie en Gwen Fagan is deur die provinsie Wes-Kaap se Departement van Kultuursake en Sport met ’n Lewenstoekening vereer vir hul werk op die gebied van Argitektuur. Dit is aan hulle oorhandig deur Min. A.Bredell op ’n geleenheid wat in Februarie in die Baxter Teater gehou is. Ons Stigting wens hulle geluk met hierdie erkenning van hul buitengewone energie, talent, visie, vaardighede en spanwerk.



(Die foto is die eiendom van *People's Post* soos gepubliseer op 17 Februarie 2015.)

* Ons het drie getroue en aktiewe lede verloor, naamlik Rudolf en Janine Klinkert en Leo Knottenbelt, wat aldrie, na jare in S.A., teruggekeer het Nederland toe.

Teken asseblief die volgende lesings en uitstappies op u kalender aan:

* **27 Februarie 2015: *Kapse Barok teen sy VOC-agtergrond.***

U word hartlik uitgenooi na die bekendstelling van Dr Hans Fransen se nuwe boek: *Cape Baroque and the contribution of Anton Anreith*. Stellenbosch, 2014.

In hierdie aantreklike 160-bladsy uitgawe deur die bekende Kaapse kultuurhistorikus dr Hans Fransen, word die invloed van die internasionale barok in die 18de eeuse koloniale tydperk, algemeen bekend as die VOC-tyd aan die Kaap, nagespeur en verduidelik in sierlike gewels, versierde façades, in meubels soos die verrykte armoire en in silwer- en geelkoperontwerp. Daar is 'n hoofstuk oor die werk van die uitstaande individuele kunstenaar, Anton Anreith met sy preekstoele en pediment-reliëf. Die teks word toegelig met 240 illustrasies, baie in volkleur, deur fotografe soos die skrywer self, Willem Malherbe en ander. Dit is 'n waardevolle toevoeging tot dr Fransen se ander gerespekteerde werke oor Kaapse geboue en kunswerke.

Dr D. Sleigh sal die tydgenootlike VOC-agtergrond (c.1700-1795) illustreer met foto's van barokbouwerk op die buiteposte.

Die boek, wat in die handel R275 kos, sal by die bekendstelling teen die spesiale prys van R220 (slegs kontant) beskikbaar wees, en indien verlang, deur die outeur geteken word.

18:00 vir 18:30 op Vrydag 27 Februarie 2015, by Huis der Nederlanden, Sentraal Plein, Pinelands. Ligte verversings word bedien.

*** 7 Maart 2015: Mites uit die Kaapse VOC-tyd.**

Die *Standard Encyclopaedia of SA* (SESA) sê dat die held Woltemade op die ou Malta-melkery in Observatory gewoon het; die eienares van die rietdakhuisie in Wemyssweg, Rugby glo dat hy dáár gewoon het, en het in dié geloof haar huis aan die NSRI bemaak – inderdaad 'n onselfsugtige opoffering, getrou aan Woltemade self. Maar waar het die held gewoon? Nie in een van die twee nie.

En hoe ontstaan mites en deur wie en waarom word hulle in stand gehou? Kan daar moontlik geld agter wees, of self politiek? Kan dit selfs uit meesterstesisse van gerespekteerde universiteite soos Stellenbosch kom, of is dit net oorgeërfde, kroniese onkunde? In hierdie geïllustreerde lesing word ses bekende mites wat uit die VOC-agtergrond stam, ontrafel – en daar is nog baie ander, landwyd.

Toe dié lesing in November verlede jaar voor die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap by die Universiteit van Pretoria aangebied is, het die voorsitter in sy bedanking vertel van die Moreleta-spruit mite wat jare lank in Pretoria vir die waarheid oorvertel is. Die kondukteur van 'n goederetrein sou soggens vroeg in die verbyry aan 'n sekere vrou in 'n huisie op die spruit se wal geskreeu het: "Môre, Letta!" Met die politieke verandering het dit uitgekóm dat dit 'n ou Tswana-naam is.

10.30 vm op Saterdag, 7 Maart 2015, Huis der Nederlanden, Pinelands. Volop gratis parkering. Koffie en tee (eie rekening.)

***Vrymesselaars**

Maak solank gereed vir 'n besoek aan die geheimsinnige Vrymesselaarslosie 't *Loge de Goede Hoop* aan die Stalplein, wat uit die laaste dekades van die VOC-tyd dateer. Voor die tempel staan die groot suile Jachin en Boaz. Wat gebeur daaragter? Die gordyne word oop geskuif. Hierdie is 'n besondere vergunning, en sal waarskynlik vroeg op 'n Saterdagmiddag geskied.

Uit die Argief : Die Aansprekersoproer van 1696. Dr A.J. Böeseken skryf in *Simon van der Stel en sy Kinders* (Kaapstad, 1964) dat Willem Adriaan, wat in 1699 goewerneur van die Kaap geword het, 'n lid van die Amsterdamse skepenebank was. Ek vermoed dat sy dit noem om sy sosiale status aan te dui. Prof. L. Fouché, noem dit ook in *Die dagboek van Adam Tas* (VRV II-1, Kaapstad,

1970) maar voeg by dat daardie skepenebank die leiers van die ‘Aansprekersoproer’ verhoor en opgehang het, om te laat weet dat Van der Stel burgerlike weerstand met geweld kon onderdruk, soos hy inderdaad tydens sy regering met die Stellenbosch- en Drakensteinse boere gedoen het. Wat was die Aansprekersoproer?

Jacob Boreel, ’n Amsterdamse burgemeester en Lid van Here XVII was van mening dat begrafnisondernemers of ‘aansprekers’ te veel verdien. Die stadsbestuur besluit in 1696 om ’n nuwe belasting op begrafnisse te hef en dat die stad self voortaan begrafnisse sou uitvoer. Die aansprekers sou hul werk verloor. Daar het gou ’n gerug rondgegaan dat lyke soos vullis in ’n gat gestort gaan word. Dit het openbare woede laat losbars. Boreel se huis aan die Heerengracht was hul eerste teiken; die betogers het sy voordeur oopgestamp en sy meubels in die grag gegooi. Daarna is die huis van kaptein Spaarrog, hoof van die *schuttersvaan* (stadspolisie) aan die Reguliersgracht bestorm. Die stadsbestuur het hard teruggeslaan; daar is op die betogers geskiet en twee leiers is as voorbeeld in die venster van die Waag (weeghuis) op die Dam opgehang. Maar die aansprekers het ook hul sin gekry: Die belasting is nie gehef nie, en hulle kon met hul beroep voortgaan. [Bron: *Historisch Nieuwsblad*, 2015.]

Projekte:

Die volgende praktiese bewaringsprojekte is in verskillende stadiums van voltooiing:

(a) Stigtingsdag, jaarliks (b) Ms *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*. (c) Naamsverandering: Rockview Dam na Dorha Dam. (d) Bewaring van VOC-baken, Geelbeksfontein. (e) Deproklamasie van s.g. Van Riebeeck-heining. (g) Inligtingsborde in Kaapstad. (h) Bewaring van streekname (i) Uitstappies en lesings.

◆ Historikus Robert Shell oorlede

Rob Shell was in sy laaste jare buitengewone professor van historiese demografie aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Sy kennis van Kaapse slawerny was indrukwekkend, en sy bekende werk ‘*Children of Bondage*’ (1994) sal hom nog lank oorleef. ’n Ander waardevolle nalatenskap is sy ensiklopediese kompakteskyf ‘*From Diaspora to Diorama: The old slave lodge*.’ Daar was meer as dertig medewerkers. Dit bevat verskeie boeke, twee tesisse, 9000 bladsye van slawe biografië, handelstogte, sensusse, sterfteskennisse, doop, vrystellings, ens., met 800 kaarte, grafieke en illustrasies. Hy was ’n goeie vriend van verskeie van ons lede.

Kamer Antwerpen

Ons sustervereniging Kamer Antwerpen in België begin hul jaar met ’n lustige feesmaal. Sekretaris Jan Hubert het ’n paar kleurvolle foto’s gestuur. Klik op die volgende webwerf skakel.

<http://www.bobautrique.phanfare.com/6807522>

Een van hul stigterslede, Mia Mees is onlangs oorlede. xxxxxxxx, voorsitter Paul Koop het die volgende huldeblyk aan haar geskryf. Ons plaas dit hier. Ons is almal kinders van Jan Kompanjie; ’n dood in die familie raak elkeen van ons.

‘Lieve en beste VOC- ers,

Een groet aan **Mia De Peuter**, vrouw van Sus Mees.

Toen ik vanmorgen thuis kwam van mijn kerstvakantie, vond ik het overlijdensbericht van Mia Mees, de lieve gezellin van Sus waar hij zo van hield. Op kerstavond is zij zachtjes heengegaan.

Bij de foto van haar, een mooie en innemende vrouw, staat een vers uit ‘Die winter is vergangen’. Sta me toe dat ik dit prachtige en oude lied uit 1537, op het lijf geschreven van Sus, herhaal. Een mens die dit schrijft moet niets meer meedelen, want al zijn liefde en weemoed wordt erin verteld:

'Adieu, mijn allerliefste Adieu, schoon bloemken fijn Adieu, schoon rozebloeme Daar moet gescheiden zijn! Tot dat ik wederkome Die liefste zoudt gij zijn Dat herte in mijn lijve Dat hoort je altijd dijn.'

Mia was lid van onze jonge vereniging vanaf het eerste uur. Op de vergaderingen en uitstappen was haar aanwezigheid vol beweging en gratie. Wanneer je haar sprak gaf zij met guitige blik haar mening en altijd was er humor. Ook toen ze al ziek begon te worden vergat ze haar gevatheid voor onze VOC niet. Ik mocht het ervaren toen ik in Domburg in hun geliefde Zeeland op bezoek was.

Mia, negentig jaar ben je geworden. Het ga je goed!

Sus en Suzy, jullie zullen trots aan haar denken.

Het afscheid heeft in familiale kring plaats gevonden.

Paul Koop

Voorsitter: Kamer Antwerpen'

Caemer die Haeghe

Ons sustersvereniging Caemer die Haeghe lê jaarliks op 20 Maart 'n krans by die standbeeld van Johan van Oldenbarneveld, teenoor die parlamentsgebou in Den Haag, om die VOC se stigting op 20 Maart 1602 te herdenk. Die aand volg hulle dinee (swart pakke, blou-groen VOC-das, geen vroue!) waar nuwe lede hul intree-toesprake lewer en sertifikate van lidmaatskap ontvang. Dit is nie al wat hulle doen nie. Ons stuur op die dag weer 'n boodskap van goeie wense aan Caemer die Haeghe, wat gewoonlik op die skerm in hul dineesaal geprojekteer word. Hul jaarverslag van aktiwiteite vir 2014, in die 'antieke' taal van sekretaris Sven Niels, volg hierna. Hier is die nuwe bestuurskomitee:



Van links na regs: Rob Maier (Eerste Aensittende); Sven-Olaf Niels (Scriba); Jan de Soeten (Veursittende); George Molenkamp (Inkomende Veursittende) en Roeland van Berckelaer (Busmeester)

2014. De Veurverghaderinck vond plaats op **3 februari** in de Nye Herberghe te Wassenaar. Er vond ook dit jaar geen wisseling plaats bij de Bewinthebberen. Negen Nye Participanten werden bij acclamatie aangenomen. Vijf Participanten zijn overleden en twee hebben het lidmaatschap opgezegd. Een stap voorwaarts in de informatie-uitwisseling is de website van de VOC Caemer Die Haghe, die in een meer dan presentabele vorm werd getoond.

20e van de Lentemaent. Kranslegginck. Alle Bewinthebberen waren bij deze plechtigheid aanwezig evenals drie Participanten. De grote spelbreker was de harde wind, waardoor het strijken van de VOC vlag noodzakelijk werd. De

ontvangst in de Nye Herberghe. De Veursittende nodigde na het luiden van de bel de aanwezigen plaats te willen nemen. Na het welkomswoord las de Veursittende voor het eerst de missive aan Zijne Majesteit de Koning voor. Wederom was mede door de PowerPoint presentatie de kwaliteit van het Stellen van de Conditioes der 9 Nyen van een hoog gehalte. Naast de nieuwe Rolle kregen de geïnstalleerde Participanten ook de Badge voor hun Joffer/Partner uitgereikt, waarvan het logo de bekende Bunga Melati is.

Het Vrundenmael. Wederom werd het Vrundenmael met de echte Raasdonders genoten.

De Betawidag op 30 mei kon zich verheugen op een groot aantal deelnemers, waaronder een aantal weduwen onzer verscheiden Participanten en de langst zittende Participanten Ben Bouman en Piet van Staveren. De Scriba, (een Anak Betawi) hield een korte informatieve voordacht - speciaal voor de Joffers - over de activiteiten bij de Kranslegginck en het stellen van de Conditioes op de **20e maart**.

Najaarsexkursie (VOC-Exkursie) 24e van de Fruytmaent naar Enchuyzen. De Caemer had wat goed te maken tegenover deze historische stad met een rijk verleden. Tijdens de excursies op 20 juni 1971 en 11 augustus 1988 werden slechts het Zuiderzeemuseum bezocht. In tegenstelling tot de voorafgaande excursies lieten de weergoden het afweten. Daar tegenover stond de warme ontvangst in het stadhuis door de burgemeester, die er op stond om d'Edele Caemer persoonlijk te verwelkomen en toe te spreken. Hartverwarmend was ook de enthousiaste en deskundige rondleiding van de drie Enkhuizer gidsen. Er waren 42 deelnemers, die in de Brasserie na een lange busrit in de regen werden ontvangen met koffie en gebak naar keuze. De secretaris van de Corts Foundation gaf een voorlichting over haar doelstellingen. Daarna volgden er rondleidingen in het Cortshuis (zie afbeelding) en de Sint Gomarus of Westerkerk. Bezichtiging van de kerk en de Librije in het bijgebouwtje op de 1e verdieping.

De lunch werd genoten in het Grand Café Van Bleiswijk. Daarna waren er stadswandelingen onder leiding van de gidsen van de Vereniging Oud Enkhuizen via de Westerdijk naar 't Oude Stadhuis met onderweg uitzicht op de Sint Pancras of Zuiderkerk en enige andere oude panden. Vervolgens kwam de hartelijke ontvangst met de nodige hapjes en drankjes en de reeds genoemde toespraak van de burgemeester, die aan het eind van zijn betoog zijn verrassing uitsprak over de gezelligheid en blijheid die dit Edele Gezelschap uitstraalde. Na bezichtiging van het prachtige stadhuis werden de laatste schreden gezet naar het Waaggebouw en langs de Dromedaris naar de touringcarbus. Het tijdstip van vertrek was tegen de avond, zodat er nog een lange weg huiswaarts was te gaan. De zorgzame Bewinthebbers hadden voorzorgsmaatregelen genomen en verrasten het Edele Gezelschap met een stukje Koewee Pandan en een frisdrankje. Daarmee kreeg deze ook weer bijzonder geslaagde VOC-exkursie een extra kleur.

VOC-Lezing 22e van de Wynmaent met als titel 'Vrouwen en de VOC' werd gehouden door de jonge historicus Michel Ketelaars van het Nationaal Archief. Dit was de derde lezing in de cyclus waarbij de rol van de vrouwen in de VOC ook deze keer voortreffelijk werd belicht. De Caemer mocht zich dan ook verheugen in een bijzonder hoge opkomst der Participanten en hun Joffers evenals een aantal bijzonder geïnteresseerde genodigden. Verheugend was ook nu weer de betrokkenheid van de toehoorders gezien de vele vragen die er werden gesteld, dewelke ook nu weer vakkundig werden beantwoord. De Veursittende Charles Arps overhandigde de spreker het nieuw ontworpen wijnglas met de aangepaste vorm van een bekend Poëziealbum gedichtje:

*Bloemen zullen verwelken
en VOC-Schepen zijn vergaan.
Maar in uwe goede handen
blijft dit VOC-Glas altijd bestaan.*

Busmeester Roeland heeft, uit zicht van menigeen, de spreker discreet een boekenbon overhandigd. Een drukbezochte en geanimeerde borrel na afloop van de lezing sloot deze laatste bijeenkomst van dit succesvolle jaar 2014 af.

Die Haghe, XXX - X - MMXIV

Scriba:



Ledegeld. Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en ook vroeg betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se boekhouding aansienlik. Die Tesourier vra dat dié wat kan, hul ledegeld elektronies inbetaal (bankbesonderhede hierbo.) maar lede kan ook kontant betaal. Spesiale dank aan lede wat verlede jaar vrywillige gifte ingesluit het, ook vir u donasies vir ons *Meermin-*boufonds by openbare lesings. Dit is altyd welkom; die Stigting het dit nodig en dit word baie

waardeer. Die komitee vind dit onnodig om die ledegeld vir vanjaar te verhoog, en dit bly steeds van die heel laagste jaarlikse ledegeld vir 'n aktiewe bewaringsinstansie soos ons s'n. Vul asseblief die besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié Nuusbrief vind, en bring dit met u ledegeld na die AJV op 19 Maart. Die Tesourier sal vroeg by die AJV met sy kwitansieboek te vind wees, gereed om ledegeld te ontvang en ons lapelspeldjies aan lede te verkoop. Dit is die ideale geleentheid; betaal die man daar eenmaal en klaar. Ons onaktiewe lede kan hul ledegeld as 'n waardevolle bydrae tot erfenisbewaring beskou. Intussen gaan ons voort om, na twee persoonlike aanmanings, name van lede wat agterstallig raak, van ons adreslys te verwyder.

Behouwde Vaert / Slammat djalan

D.SLEIGH (Redakteur)
20 Februarie 2014
Jean Sleigh: Elektronies / Tegnies

✂ -----

LEDEGELD 2015

STIGTING VOC

LEDEGELD 2015

Naam:

Adres:

.....

.....

Telefoon:

Selfoon:

e-pos:

Bedrag ingesluit:

R.....Ledegeld 2014. [R90]

R..... Ledegeld 2015. [R90]

R.....Vrywillige donasie.

✂ -----

BYLAE A:

NOTULE VAN DIE STIGTING VOC SE NEGENTIENDE ALGEMENE
JAARVERGADERING, OM 17: 00 OP DONDERDAG, 20 MAART 2014 IN KASTEEL DE
GOEDE HOOP.

1. Verwelkoming

Die voorsitter, prof. Leon Hattingh, verwelkom die teenwoordiges om 17:00, met verwysing na die oprigting van die Vereenigde Oostindische Compagnie op 20 Maart 1602 en verduidelik dat die *VOC Caemer die Haghe* die geleentheid met groot swier in Den Haag vier deurdadig die standbeeld van Johan van Oldenbarneveldt bekrens word en nuwe lede toesprake maak. Hy voeg by dat hy namens die *Stigting VOC* ons gelukwense aan die *VOC Caemer die Haghe* oorgedra het.

2. Teenwoordig en Afwesig

Teenwoordig: Sien bygaande lys.

Gaste: Riet de Jong-Goossens (vertaler: Woordfees) Bart de Graaff (historikus, filmskrywer en hoofredakteur van die maandblad *Zuid-Afrika*.) Andrew Hall (uitvoerende direkteur: Erfenis Wes-Kaap as gasspreker)

Verskonings: De Beer, Dawie. De Bruin, Fred. Dubbeld, Gijs. Dubbeld, Catherine. Gatenby, Wena. Hayes, Berta. Hayes, James. Hogg, Jolanda. Holloway, Rosemary. Hugo, Tia, Jordaan, Irma. Kokhuis, Mike. Kruger, Joan. Mets, J T. Mets, Pitlo, M. Pitlo, A E. Retief, Pietman. Ribbens, Daan. Theunissen, Frans. Van Vuuren, Lucas. Van Wyk, Anna. Van Wyk, Jacques. Wessel, Calla (penningmeester). Wiechers, Gerrit

3. Notule van Algemene Jaarvergadering 2013 (Bylae A)
Die notule word aangeneem. Voorstel: R. Brits, Sekondant: Nico Walters.
4. Voorsitter se jaarverslag, 2013 (Bylae B)
Die voorsitter se jaarverslag word met dank aanvaar. (Boudewijn de Vries)
5. Finansiële jaarverslag, 2013
Die finansiële verslag word met dank aanvaar. (Nico Walters)
6. Verkiesing van uitvoerende komitee
Geen nuwe nominasies is ontvang nie. Die ledesekretaris, mnr Boudewijn de Vries, is egter nie vir 'n verdere termyn beskikbaar nie. Dr Helena Scheffler spreek haar opregte dank uit vir die voorsitter se toegewyde leiding die afgelope jaar. Voorts word die komiteede, soos voorgestel, soos volg in hulle ampte bevestig:
 - Voorsitter: Prof Leon Hattingh
 - Ondervoorsitter: Dr Helena Scheffler
 - Sekretaris: Rudolf Rode
 - Nuusbrief: Dr Dan Sleigh
 - Media: Piet Westra
 - Penningmeester: Calla Wessel
 - Redakteur: Dr Con de Wet
 - Inligtingbestuur: Dr Nico Walters
 - Ledesekretaris: vakant
7. Projekte:
Die volgende projekte word toegelig:
 - a) Stigtingsdag: Daar word nog met die stadsraad onderhandel
 - b) Boek: *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*: Die voorsitter spreek sy dank teenoor Con de Wet uit vir die nuus dat die boek teen Augustus vanjaar sal verskyn.
 - c) Naamsverandering van *Rockviewdam* na *Dorhadam*. Word aan gewerk.
 - d) Bewaring van VOC-baken te Geelbeksfontein. Word aan gewerk.
 - e) VOC-inligtingsborde in die SAN-Weskuspark. Nader voltooiing.
 - f) Deproklamasie van die sogenaamde Van Riebeeckheining. Word aan gewerk.
 - g) Inligtingsborde in Kaapstad. (Op die hoek van St George- en Kasteelstraat is reeds een opgerig.)
 - h) Uitstappies en lesings. Die moontlikheid van 'n toer na óf Mauritius óf Nederland in 2015 word bespreek. Helena Scheffler wys daarop dat daar wel min spore van die VOC

op Mauritius oorgebly het, maar dat ons met Dan Sleigh se kennis oor die gebeure onder die VOC aldaar, 'n besonder interessante besoek te wagte kan wees. Dit ten spyte, gee 'n groot meerderheid van die aanwesiges hul voorkeur aan 'n besoek aan Nederland.

- i) Met die beoogde Kaapstad Museum word 'n nuwe projek in die vooruitsig gestel, aangesien die *Stigting VOC* 'n besondere bydrae kan lewer.

8. Geen nuwe sake.

9. Gasspreker: Mnr Andrew Hall, uitvoerende direkteur van *Erfenis Wes-Kaap*. (Sien bygaande voordrag.)

Mnr Hall wys daarop dat 82 bewaringsorgane by *Erfenis Wes-Kaap* aangemeld is en verduidelik binne welke perke *Erfenis Wes-Kaap* besluite kan neem. Hy noem dat hierdie erfenishulpbronowerheid "one big permit machine" is. Mnr Hall bevestig onder meer dat sy owerheid 'n opvoedkundige plig het en dat dit geen nuusbriewe uitstuur nie. Vir verdere inligting verwys hy na die tuisblad: <http://www.westerncape.gov.za/public-entity/heritage-western-cape>

10. Bedankings:

Mnr Piet Westra bedank mnr Hall vir sy insiggewende voordrag en oorhandig die gewone geskenk aan laasgenoemde.

Die voorsitter bedank mnr Gilfillan vir die beskikbaarstelling van die lokaal en verdaag die vergadering om 18:40.

.....
R.RODE
SEKRETARIS

DATUM: 20 Maart 2014

BYLAE B: VOORSITTER SE JAARVERSLAG - 2014

Ons was gelukkig dat ons Bestuur die afgelope tyd min verander het, wat meebring dat die verkose lede hul onderskeie take ken en met hul entoesiasme, belangstelling en toewyding vergaderings gereeld en met vrugbare bydraes bywoon. Die bestuur was Leon Hattingh (voorsitter), Helena Scheffler (onder-voorsitter), Calla Wessel (tesourier), Dan Sleigh (*Generale Missive*), Piet Westra (Media), Con de Wet (Redakteur: Publikasie), Nico Walters (Webwerf), Rudolf Rode (sekretaris) en Lungele Gadezweni (Lokale). Weens die bedanking van Boudewijn de Vries was ons vir die grootste deel van die jaar sonder iemand om met ons lede te kommunikeer totdat Saretta Gelderblom ingewillig het om die taak voortaan oor te neem.

*Die Bestuur het vir meer as die gebruikelike vier vergaderings per jaar bymekaar gekom en origins nou saamgewerk.

*Daar was vyf uitgawes van die nuusbrief *Generale Missive*, met besonder interessante leesstof en foto's as toonbeeld van ons Stigting se aktiwiteite.

*Vroeg in die jaar het prof Hattingh en dr Sleigh 'n baie vrugbare besoek aan dr Ivan Meyer, die provinsiale Minister vir Kultuur, en van sy hoofamptenare gebring om 'n paar knelpunte te bespreek. Daarmee is 'n positiewe verstandhouding en goeie betrekkinge behaal.

*By geleentheid van ons Algemene Jaarvergadering was mnr Andrew Hall, Direkteur van Erfenis Wes-Kaap, die gasspreker.

*In April het dr Scheffler en dr Sleigh vir me. B. Horbach, die nuwe Nederlandse konsul-generaal en van haar personeellede op kort geleide toere van die Kaapse Argief en die Kasteel (twee van die belangrikste VOC-bewaarplekke) geneem en aan die onderskeie uitvoerende hoofde, mev Hogg en mnr Gilfellan voorgestel.

* In Oktober het dieselfde twee komiteelede 'n afvaardiging van die Rijksmuseum, Amsterdam ontmoet om moontlike samewerking met Suid-Afrikaanse instansies vir 'n uitstalling in 2017 te bespreek. Hierdie bespreking word op 3 Maart vanjaar voortgesit, met die medewerking van die Kaapse Argief.

*In November en Desember het hulle met me. H. van Rooyen, direkteur van Weskus Toerisme oor ons nuwe projek, die beskerming van historiese streekname, gepraat. Dit het gelei tot 'n uitnodiging om die Weskus Toerisme Organisasie op 11 Februarie 2015 op Moorreesburg toe te spreek.

Ons het vanjaar 'n uitgebreide reeks VOC-lesings en uitstappies aangebied:

* Op 18 Januarie het drs Ria Winters, 'n Nederlandse kunstenaar en bibliotekaris van die Universiteit van Amsterdam ons oor haar werk oor die uitgestorwe fauna van Mauritius toegesprek.

* Hierna het dr Dick Jaeger ons oor Tristan da Cunha, die wêreld se mees afgeleë bewoonde eiland vertel, en dit met interessante foto's geïllustreer.

*Op Saterdag 5 April is 'n genoeglike uitstappie na die VOC-seinkanon op Rondebosjeberg op die plaas *Sondagsfontein* onderneem. Die eienaars van buurplase het met die ondersteuning van die Durbanville Erfenis-vereniging die ou VOC-sesponder op sy oorspronklike plek op die heuwel hervestig en daardie dag seremonieël afgevuur, waarna die gebruiklike heildronk op die Huis van Oranje ingestel is. 'n Gegrafeerde gedenkplaat met o.a. ons Stigting se naam is aan die affuit geheg. Daar is ook 'n baie interessante museum van landbougereedskap en plaasartefakte op *Sondagsfontein*.

*Prof Hattingh het op 12 April, met die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika se veertigste bestaansviering, voor die Kaapse tak 'n lesing oor Nederland as een van ons stamlande gelewer.

*Op 17 Mei het prof. S. du Plessis, Departement Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, die sogenaamde Prag- en Praalwette van die VOC vanuit 'n ekonomiese oogpunt bespreek.

*Dr Helen Robinson het op 25 Oktober oor haar boek *Constantia and its neighbours*, wat oor die ou plase van die Constantia-vallei gaan, kom gesels.

*Op 8 November is die Posthuis Museum in Muizenberg besoek. By die geleentheid het 'n VOC-lid, Colin Johnstone, kurator van die museum, ons meer oor die museum meegedeel, dr Hans Fransen, volksboukundige en kultuurhistorikus, oor die gebou en dr Dan Sleigh oor die VOC-buitepos aldaar.

*Op 22 November het ons 'n spontane "ope-sitkamer" gesprek gevoer waaraan al die aanwesiges deelgeneem het nadat dr Sleigh dit ingelei het. Dit was 'n heel interessante eerste.

*Die *Meermin*-projek, onder leiding van Piet Westra, is suksesvol afgehandel. Die model pryk voortaan op bruikleen vir opvoedkundige doeleindes in die Slawelosie Museum, waar dit onder die Stigting se naam uitgestal word.

*Die inligtingsborde in die Weskus Nasionale Park, waaraan ons meegewerk het, is op 24 Oktober onthul.

*Tydens die aanskakel-geleentheid van die nuwe kleurvolle beligtingstelsel by die Kasteel is die Stigting deur ons onder-voorsitter, dr Helena Scheffler, verteenwoordig.

*Ons is ook genooi om by die ontwikkeling van die beoogde Museum van Kaapstad betrokke te wees.

* Ten opsigte van sekere van ons ander projekte het ons nog 'n jaar van frustrasies beleef. Ons geniet nie goeie samewerking van die betrokke plaaslike owerheid nie. Ons sal egter volhou in die hoop om tog eendag ons doelwitte te bereik.

*Ons het aan die Bestuur van die Kasteel die Goeie Hoop voorgestel dat hulle by SA Filateliediens aansoek doen om in 2016 die Kasteel se 350ste jaar met 'n spesiale posseël te herdenk en het die verlangde motivering daarvoor opgestel.

*In die derde kwartaal van 2015 word 'n VOC-uitstalling in die Kasteel beoog, om die 350ste herdenking van die aanvang van die grondwerk in September 1665, te vier.

*Ons het die Stigting se aktiwiteite deur geïllustreerde lesings by vergaderings van die Vriende van Blaauwberg en Weskus Toerisme bekendgestel om toekomstige samewerking te bewerkstellig. Dit is ook ons doel om noue kontak met oorsese sustersverenigings, soos die Caemer die Haeghe en Kamer Antwerpen, te behou.

Ons ledetal het gedurende 2014 gestadig gegroei, ofskoon ons ook getroue deelnemers soos Leo Knottenbelt, Rudolph en Janine Klinkert, met hul terugkeer na Nederland, verloor het. Ongelukkig is enkele lede ook oorlede.

J L Hattingh
Voorsitter

BYLAE C: Finansiële jaarverslag:

V O C STIGTING

INKOMSTESTAAT VIR DIE TYDPERK TOT 31 DESEMBER 2014

	2014	2013
INKOMSTE		
Ledegelde 2014	8 920,00	8 390,00
Skenkings Ontvang	22 320,00	1 165,55
Rente Ontvang	3 533,38	2 968,91
Lopende Rekening	759,21	868,46
Belegging	2 774,17	2 100,45
 Inkomste Projekte	 11 470,00	 135 765,00
Lapelwapens	70,00	70,00
Meermin	10 740,00	12 000,00
Kirstenbosch	-	-
GM DVD	-	60,00
Mauritius aanbieding	580,00	-
Van Ewijk Prys	-	50 000,00
Herman Giliomee Aanbieding	-	-
Bewilliging Meermin boekverkope	-	710,00
Stigtingsdag Dan Sleigh Aanbieding	-	1 820,00
Suidkaap-toer	-	66 200,00
Mara de Groot Aanbieding	-	410,00
Slot Aanbieding	-	140,00
Afvuur kanonne Durbanville	80,00	-
Silvermedalje geleentheid	-	2 805,00
Vissershok-uitstappie	-	1 550,00
INKOMSTE	46 243,38	148 289,46
 Min: UITGAWES	 3 921,55	 119 222,44
Uitgawes Projekte	1 214,50	115 354,91
Lapelwapens	40,00	40,00

Stigtingsdag	-	-
Meermin		
Meermin Voorsiening	-	47 250,00
Suidkaaptoer Uitgawes	-	58 523,69
Silver medalje geleentheid	-	5 146,40
Padtekens	1 174,50	3 413,39
Silvermedalje	-	310,00
Vissershok-uitstappie voorsienig Durbanville Erfenis of ander	-	671,43
Ledegeld afgeskryf	220,00	440,00
Nuusbrief en ander posgeld	206,75	245,50
Drukwerk & Skryfbenodigdhede	-	-
Huur van Toerusting	-	-
Bankkoste	500,30	938,50
Gebruik van lapelwapens as geskenke vir sprekers	40,00	320,00
Vervoerkoste Spreker	-	-
Verversigs	-	183,53
Webwerf	1 740,00	1 740,00
NETTO SURPLUS	42 321,83	29 067,02

V O C STIGTING

BALANSSTAAT SOOS OP 31 DESEMBER 2014

BATES

Belegging by Absa		64 422,34	61 648,17
Lopende Rekening by Absa		78 826,00	39 538,04
Meermin model		90 000,00	90 000,00
Vertoonkas vir Meermin model		10 000,00	10 000,00
Vooruitbetaalde Uitgawes Suidkaap toer		-	-
Ledegelde verskuldig deur lede		1 830,00	970,00
Gelde Ontvangbaar			540,55
Kleinkas		29,75	-
Voorraad Lapelwapens	31-Dec-14	(83-20)@R40	2 520,00
			247 628,09
			205 296,76

LASTE EN ONAANGEWENDE INKOMSTE EN RESERWE

Onaangewende Inkomste en Reserwe (Kapitaal)		244 958,09	202 636,26
1 Januarie 2014		102 636,26	73 569,24
Openingsaldo		42 321,83	29 067,02
Plus: Onaangewende inkomste vir die jaar		144 958,09	102 636,26
Onaangewende Inkomste		100 000,00	100 000,00
Reserwe vir Meermin model			
Gelde Uitstaande			40,50
Voorsiening vir uitgawes Durbanville Erfenis of ander		-	310,00
Ledegelde vooruit ontvang		2 670,00	2 310,00
		247 628,09	205 296,76

BYLAE D: Grondwet in konsepvorm.



STIGTING VOC - VOC FOUNDATION - UMBUTHO VOC

Theresalaan 21, Kampsbaai, 8005

GRONDWET

INHOUDSOPGAWE

ARTIKELOPSKRIFTE

1. AGTERGROND
2. NAAM
3. DOELSTELLINGE
4. WETLIKE STATUS EN VOLMAG
5. NIE-WINSGEWENDE VERSPREIDINGSGEAARDHEID
6. BEVOEGDHEDE
7. LIDMAATSKAP
8. STRUKTUUR VAN DIE STIGTING
 - 8.1 DIE BESTUUR
 - 8.2 VERKIESING
 - 8.3 SAMESTELLING
 - 8.4 NEERLEGGING VAN BESTUURSAMP
 - 8.5 BESTUURSVERGADERPROSEDURES
 - 8.6 ALGEMENE JAARVERGADERINGS
 - 8.7 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS
 - 8.8 VERGADERPROSEDURES
 - 8.9 BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE
 - 8.10 KENNISGEWINGS
9. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE
 - 9.1 LEDEGELD
 - 9.2 BANKREKENING
 - 9.3 HANDTEKENINGE
 - 9.4 BOEKHOUDING
 - 9.5 JAARVERSLAG EN FINANSIËLE STATE
10. WYSIGINGE AAN DIE GRONDWET EN ONTBINDING
11. VRYWARING
12. DISPUTE

- BYLAE A: Voorskrifte van die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
- BYLAE B: Algemene Administratiewe en Beleggingsvolmag vir Vrystelling van Belasting en Aksyns

1. AGTERGROND

Die Stigting VOC is op 16 September 1995 in die Kasteel de Goede Hoop, Kaapstad, deur 'n groep entoesiaste gestig wat in die geskiedenis van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie

(VOC, 1602-1798) en die VOC se regeringstydperk aan die Kaap (1652-1795) sowel as die bewaring van tasbare en ontasbare VOC-erfenis belangstel.

Die Stigting is op nasionale (Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of SAEHA), provinsiale (Erfenis Wes-Kaap) asook plaaslike vlak (Stad Kaapstad) as bewarings-liggaam geregistreer. Dit is enig in sy soort met betrekking tot sy doelstellings ten opsigte van bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme en lewer internasionaal 'n unieke bydrae deur met ander bewaringsgroepe ondersteunend saam te werk en stadsrade, musea, toeriste-organisasies, kultuurverenigings en individue by te staan. Die VOC-embleem, die oudste in die westerse wêreld, is plaaslik in die naam van die Stigting geregistreer.

Die afgelope twintig jaar het ons met sukses 'n aantal projekte geloods, terwyl verskeie ander voltooiing nader. Onder die eersgenoemdes was daar opvoedkundige bustoere, uitstallings, kwartaallikse lesings, nuusbriewe en bouprojekte soos byvoorbeeld 'n gedenkteken vir die Hessekwas. Voorts het ons onder andere met 'n opvoedkundige oogmerk 'n skaalmodel van die slaweskip *Meermin* aan die Iziko-slawelosiemuseum oorhandig, SANParke met die oprigting van inligtingsborde in die Weskus Nasionale Park gehelp, konsultante met betrekking tot ontwikkelingsprojekte geadviseer en die polisie in gevalle van diefstal bygestaan.

Ons langdurige doelwitte is die opbou van 'n databasis van Suid-Afrikaanse VOC-verwante inligting, die ondersteuning van studente met beurse en die oprigting van 'n leerstoel vir 'n VOC-leergang aan 'n universiteit. Ons uiteindelijke mikpunt is die demokratisering van bewaring, hulpverlening aan private bewaringsliggame om 'n nie-regerings-organisasie soortgelyk aan *British Heritage* in Engeland in die lewe te roep, die verligting van die regering se bewaringslas en die ondersteuning van sy werk.

2. NAAM

Die vereniging sal as STIGTING VOC of VOC FOUNDATION of UMBUTHO VOC bekendstaan. (nadien "Stigting" geheet).

3. DOELSTELLINGE

Die Stigting is 'n openbare nie-winsgewende organisasie wat met die volgende allenige oogmerk opgerig is:

- 3.1 om die bewaring van voorwerpe asook die ontasbare erfenis wat deur die *Generaale Vereenigde Geotroijeerde Oost-Indische Compagnie* (VOC, 1602 - 1798) geskep is of daarmee in verband gebring word, te verseker.
- 3.2 om navorsing oor die VOC en sy aktiwiteite nasionaal en internasionaal aan te wakker en te bevorder en inligting dienaangaande te versprei.
- 3.3 om VOC-verwante erfenistoerisme te bevorder.

4. WETLIKE STATUS EN VOLMAG

Die Stigting is 'n regspersoon met sy eie wetlike identiteit afsonderlik van sy individuele lede. Die Stigting sal voortbestaan selfs as die lede verander. Die Stigting mag eiendom besit, kontrakte sluit en dagvaar of in sy eie naam gedagvaar word.

- 4.1 Die Stigting is 'n regspersoon en gaan voort om 'n onderskeie en afsonderlike wetlike entiteit te wees met die volmag om eiendom van allerlei aard te verwerf, te besit en te vervreem en met die handelingsbevoegdheid om regte te verwerf en verpligtinge aan te gaan en ewigdurende suksessiereg te besit.
- 4.2 Alle geregtelike prosedures teen en deur die Stigting mag in die naam van die Stigting gevoer en verdedig word. Die voorsitter of 'n lid van die Stigting wat hiertoe deur die Bestuur gemagtig is, sal oor die bevoegdheid beskik om in dier voege op te tree en alle stappe te doen wat nodig mag wees met die doel om geregtelike prosedures wat die Stigting mag instel, te voer of te verdedig.

4.3 Die aanspreeklikheid van die Stigting se lede is beperk tot die betaling van ledegeld en van alle persone word verwag om op hierdie grondslag met die Stigting te kon-trakteer of sake te doen.

5. NIE-WINSGEWENDE VERSPREIDINGSGEAARDHEID

- 5.1 Die inkomste en eiendom van die Stigting word uitsluitlik vir die bevordering van sy uiteengesette doelstellinge gebruik. Die lede en ampsdraers het geen aanspraak op die Stigting se eiendom of ander bates enkel uit hoofde van hulle lidmaatskap of amp nie. Geen deel van die Stigting se inkomste of eiendom mag direk of indirek aan enige persoon (tensy dit deel uitmaak van 'n gewone openbare fondsinsamelingsaktiwiteit) of aan enige lid of bestuurslid van die Stigting oorbetaal word nie, uitgesonderd:
- 5.1.1 redelike vergoeding vir dienste wat inderdaad aan die Stigting gelewer is;
- 5.1.2 terugbetaling van daadwerklike onkoste of uitgawes wat redelikerwys ten behoeve van die Stigting aangegaan is.
- 5.2 By die ontbinding van die Stigting, nadat alle skuld en verpligtinge vereffen is, mag enige oorblywende bates nie aan lede betaal of aan diesulkes uitgekeer word nie, maar moet as skenking aan die een of ander nie-winsgewende organisasie wat die Bestuur geskik ag en wat doelstellinge soortgelyk aan die van die Stigting blyk te hê, oorgedra word. (Indien dit nie moontlik is nie, mag enige afdeling van die Hooggeregshof bepaal.) Ingeval die Stigting 'n goedgekeurde openbare voordeelorganisasie sou word:
- 5.2.1 word dit 'n soortgelyke openbare voordeelorganisasie wat ooreenkomstig artikel 30 van die Inkomstebelastingwet goedgekeur is, of
- 5.2.2 word dit enige instelling, raad of liggaam wat kragtens die bepalinge van artikel 10(1)(cA) van belasting vrygestel is en waarvan die uitsluitlike of hoofdoelstelling die voortsetting van enige openbare voordeelaktiwiteit sal wees, of
- 5.2.3 word dit enige staatsdepartement of bestuur op nasionale of provinsiale of plaaslike regeringsvlak van die Republiek soos in artikel 10(1) (a) of (b) bepaal.
- 5.3 Die Stigting beoog om by die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens aansoek om vrystelling van aangewese belasting en aksyns te doen. Ingevolge die bepalinge van die inkomstebelastingwet, verbind die voorskrifte, soos uiteengesit in die aangehegte BYLAE A, die Stigting en kwalifiseer dit die onderhawige grondwet.

6. BEVOEGDHEDE

By magte van sy bestuurskomitee of die Algemene Vergadering beskik die Stigting oor al die nodige bevoegdhede om sy verklaarde doelstellinge doeltreffend na te streef. Die Algemene Beleggings- en Administratiewe Bevoegdhede soos in die aangehegte BYLAE B uiteengesit, bevat sodanige bevoegdhede sonder om dit daarby te beperk.

7. LIDMAATSKAP

- 7.1 Dit staan persone of liggame wat bostaande doelstellinge ondersteun, vry om tot die Stigting toe te tree onderhewig aan die goedkeuring van die Bestuur.
- 7.2 Die Bestuur mag nou en dan verdere lede in die Stigting opneem:
- 7.2.1 Onderworpe aan die nodige voldoening aan enige lidmaatskapvoorwaardes (insluitende die betaling van lidmaatskapbydraes) wat die Bestuur nou en dan mag bepaal; en
- 7.2.2 in ooreenstemming met die volgende kriteria:
- 7.3 Die Bestuur mag die lidmaatskap van enige lid opskort of beëindig mits:
- 7.3.1 Alle bestuurslede ten minste veertien (14) dae vooraf van die voorneme om die lidmaatskap te beëindig, in kennis gestel word; en
- 7.3.2 die betrokke lid ten minste veertien (14) dae vooraf skriftelik in kennis gestel word. Die kennisgewing sal die lid versoek om geskrewe of mondelinge vertoë aan die vergadering te rig soos hy of sy dit gepas mag vind.

- 7.3.3 Die Bestuur se besluit om 'n aansoeker as lid op te neem of om lidmaatskap óf op te skort óf te beëndig sal verval, tensy dit by die volgende Algemene Vergadering deur 'n besluit van twee derdes van die lede van die Stigting bevestig word.
- 7.3.4 Nóg die Bestuur nóg die Stigting is genoodsaak om redes vir hulle besluite ten opsigte van lidmaatskap te gee.

7.4 BESKERMHERE EN ERE-LEDE

Die Bestuur mag beskermhere en lewenslange ere-lede aanwys wat van die jaarlikse ledegeld vrygestel sal wees.

7.5 SILWERMEDALJE

Die Stigting se silwermedalje, gepaardgaande met ere-lidmaatskap, word as erkenning vir buitengewone bydraes deur individue of liggame tot die doelstellinge van die Stigting toegeken, sowel plaaslik asook in die buiteland. Kandidate word deur lede voorgestel.

8. STRUKTUUR VAN DIE STIGTING

8.1 Die Bestuurskomitee

8.1.1 Bevoegdheid

- 8.1.1.1 Die Stigting se sake word beheer en behartig deur die Bestuurskomitee. Kragtens die voorwaardes van hierdie grondwet en die besluite van die lede van die lede-vergadering hanteer die Bestuur alle bevoegdhede van die Stigting.
- 8.1.1.2 By geleentheid van die Algemene Vergadering mag die Stigting enige besluit wat deur die Bestuur geneem is, hersien, goedkeur of wysig. Dusdanige resoluëie van die Stigting sal egter geen voorafgaande optrede wat die Bestuur in ooreenstemming met onderhawige grondwet geneem het, ophef nie.

8.2 Verkiesing

- 8.2.1 Die lede van die eerste Bestuur sal tydens die Algemene Vergadering waar onderhawige grondwet goedgekeur word, verkies word en sal na diesulke aanstelling hulle ampte tot en met die eerste jaarlikse Algemene Vergadering beklee, waartydens almal sal bedank. By die eerste Algemene Jaarvergadering sal 'n nuwe Bestuur verkies word. Daarna sal 'n nuwe Bestuur by elke daaropvolgende Algemene Vergadering verkies word.
- 8.2.2 Bestuurslede wat bedank, kan weer verkies of gekoöpteer word.
- 8.2.3 Bestuurslede sal lede van die Stigting wees.

8.3 Samestelling

- 8.3.1 Die Bestuur sal uit sewe (7), maar nie meer as tien (10) lede bestaan nie. Die lidmaatskap van die Bestuur sal die volgende behels:

8.3.1.1 die Voorsitter;

8.3.1.2 die Ondervoorsitter;

8.3.1.3 die Penningmeester;

8.3.1.4 die Sekretaris;

8.3.1.5 ten minste drie (3) ander persone.

8.3.1.6 Die Bestuur kan nou en dan na goëddunke so veel as drie (3) bykomende nie-stem-geregtigde lede koöpteer. Die gekoöpteerde lede sal vir 'n tydperk dien wat deur die Bestuur as toepaslik beskou word.

8.4 NEERLEGGING VAN BESTUURSAMP

- 8.4.1 Die amp van 'n bestuurslid word beskikbaar gestel as die betrokke lid:

8.4.1.1 bedank; of

8.4.1.2 ongeskik en/of onbekwaam raak om as sodanig op te tree; of

8.4.1.3 kragtens die maatskapy- of gelykstaande wet, wat nou en dan van krag mag wees, gediskwalifiseer sou word om as direkteur van 'n maatskappy op te tree; of

- 8.4.1.4 deur die Bestuur ontslaan word deur middel van 'n besluit wat deur ten minste driekwart ($\frac{3}{4}$) van die sittende lede van tyd tot tyd, maar nie minder as die vereiste minimum vyf (5) geneem word nie. Die Bestuur is nie verplig om redes vir sy besluit/e met betrekking tot die ontslag, met uitsondering van die lid self en die Stigting se lede, by 'n Algemene Vergadering te verstrek nie.
- 8.4.2 Indien 'n amp in die Bestuur sou oopval, mag (en indien die vakature die aantal lede tot minder as sewe [7] verminder, moet) die Bestuur deur middel van 'n besluit wat deur ten minste twee derdes ($\frac{2}{3}$) van sy lede aangeneem word, 'n lid of lede koöpteer om die vakature/s te vul. Die ampstermyn van 'n persoon wat op hierdie wyse as lid van die Bestuur gekoöpteer is, verval, tensy dit deur 'n besluit van die lede tydens die volgende Algemene Vergadering bevestig word.
- 8.5 Prosedure by Bestuursvergaderings
- 8.5.1 Die Bestuur hou sy vergaderings en reël sy verrigtinge soos hy dit gerieflik vind, op voorwaarde dat:
- 8.5.1.1 Die voorsitter, of in sy of haar afwesigheid, die ondervoorsitter alle Bestuursvergaderings lei wat hy of sy bywoon. In die afwesigheid van die voorsitter en ondervoorsitter verkies die oorblywende bestuurslede 'n voorsitter van die aanwesige lede.
- 8.5.1.2 Die voorsitter roep die Bestuur kwartaalliks byeen en op 'n skriftelike versoek van enige twee (2) bestuurslede en mag sodanige vergadering op enige ander tydstip belê.
- 8.5.1.3 Die vereiste korum vir die afhandeling van enige sake deur die Bestuur bedra twee derdes ($\frac{2}{3}$) van die te eniger tyd dienende bestuurslede.
- 8.5.1.4 By Bestuursvergaderings het elke lid een (1) stem.
- 8.5.1.5 Voortspruitende vrae word deur 'n meerderheid van stemme beslis. In geval van 'n staking van stemme beskik die voorsitter oor die beslissende of tweede stem.
- 8.5.1.6 By alle verrigtinge van die Bestuur word behoorlike notule opgestel en 'n aanwesighedslys tydens elke vergadering bygehou. Die notule word deur die lid onderteken wat die vergadering voorsit en sal te alle tye ter insae of kopieëring deur enige lid van die Bestuur, oftewel op twee (2) dae kennisgewing deur enige lid van die Stigting aan die Sekretaris of sy adjunk, beskikbaar gestel word.
- 8.5.1.7 'n Besluit wat deur alle lede van die Bestuurskomitee onderteken is, sal geld asof dit tydens 'n behoorlik byeengeroepe Bestuursvergadering aanvaar is.
- 8.5.1.8 Die Bestuur mag enige bevoegdhede aan enige Bestuurslede of aan 'n spesiale-doelkomitee delegeer. Die lid, komitee, werknemer of gevolmagtigde aan wie diesulke bevoegdhede gedelegeer word, sal aan enige bepalinge en prosedures wat nou en dan deur die Bestuur neergelê mag word, voldoen.
- 8.5.1.9 Die Bestuur mag 'n Hoofuitvoerende Beampte en ander amptenare en werknemers van tyd tot tyd na goeddunke op algemene voorwaardes aanstel.
- 8.6 Algemene Vergaderings
- 8.6.1 Algemene Jaarvergaderings
- 8.6.1.1 'n Algemene Jaarvergadering van die Stigting sal binne vyftien (15) maande na die aanvaarding van onderhawige grondwet gehou word. Daaropvolgende Algemene Jaarvergaderings sal binne neëntig (90) dae na die einde van die finansiële jaar, synde 31 Desember, byeengeroep word.
- 8.6.1.2 Kennis van die Algemene Jaarvergadering sal nie voor einde Januarie gegee word nie. Die Algemene Jaarvergaderings sal deur die Voorsitter nie later nie as een-en-twintig (21) dae vooruit per skriftelike kennisgewing aan alle lede wat daartoe geregtig is, byeengeroep word. Die kennisgewing sal die datum, die juiste uur en plek en in breë trekke die te behandelde sake vermeld. Die Algemene Jaarvergadering mag ook enige ander sake behandel wat die vergadering per meerderheidstem mag ooreenkom om te oorweeg.
- 8.6.1.3 Die sake van die Algemene Jaarvergadering behels:

- 8.6.1.3.1 die voorlegging en goedkeuring van die voorsitter se jaarverslag;
 - 8.6.1.3.2 die oorweging van die jaarstate;
 - 8.6.1.3.3 die verkiesing van lede wat die volgende jaar in die Bestuurkomitee sal dien;
 - 8.6.1.3.4 die aanwysing van 'n onafhanklike rekenkundige beampte om die finansiële sake te auditeer;
 - 8.6.1.3.5 ander sake wat as toepaslik beskou mag word.
- 8.6.2 Ander Algemene Vergaderings
Behalwe die Algemene Jaarvergadering sal ten minste twee ander vergaderings jaarliks gehou word. Ander Algemene Vergaderings sal te eniger tyd deur die Voorsitter of
- 8.6.2.1 op 'n skriftelike versoek van die Bestuur;
 - 8.6.2.2 of minder as 'n kwart ($\frac{1}{4}$) of 25 van die Stigting se lede byeengeroep word.
 - 8.6.2.3 Enige ander Algemene Vergadering behalwe die Jaarvergadering word op ten minste een-en-twintig dae (21) skriftelike kennisgewing aan alle lede belê. Die kennisgewing sal die datum, die juiste uur en plek en in breë trekke die te behandelde sake vermeld. Indien egter die Voorsitter nie binne sewe (7) dae aan die versoek om skriftelik kennis te gee, voldoen nie, sal die aanvraers self geregtig wees om die kennisgewings te versend en die vergadering byeen te roep.
 - 8.6.2.4 Spesiale Algemene Vergaderings
'n Spesiale Algemene vergadering, waarvan ten minste veertien (14) dae kennis gegee moet word, word deur die Voorsitter of die Bestuur belê of as reaksie op 'n skriftelike versoek wat deur nie minder nie as twintig persent van die algehele aantal gerespekteerde lede onderteken moet word en binne sewe (7) dae na ontvangs van sodanige versoek. Die sameroepende kennisgewing sal die sake onder bespreking vermeld met uitsluiting van enige ander sake.
- 8.6.3 Kworum
- 8.6.3.1 'n Kworum wat 'n Algemene Vergadering van die Stigting bepaal, sal
 - 8.6.3.1.1 minder as twintig (20) lede; of
 - 8.6.3.1.2 een kwart ($\frac{1}{4}$) van die lede uitmaak.
 - 8.6.3.2 In geval enige Algemene Vergadering behoorlik byeengeroep word, maar geen kworum aanwesig is nie, word die vergadering tot 'n ander datum verdaag, maar nie binne veertien (14) dae daarna nie. Die kennisgewing wat so 'n uitstel bekend maak, sal op 'n wyse, wat deur die grondwet vasgelê word, aan die persone bestel word. Op so 'n weer byeengeroepe vergadering sal die teenwoordige of verteenwoordigde lede as kworum beskou word.
- 8.6.4 Besluite en Verkiesing
- 8.6.4.1 By alle Algemene Vergaderings word 'n besluit waaroor gestem word per handopsteek of per stembriefie beslis. 'n Verkiesing per stembriefie word slegs gehou as die Voorsitter of nie minder nie as een-derde ($\frac{1}{3}$) van die kiesers wat persoonlik of per volmag stem, daarop aandrang. Die uitslag van die stemming sal die vergadering se besluit wees.
 - 8.6.4.2 Elke lid teenwoordig of verteenwoordig by so 'n vergadering is op een (1) stem geregtig.
 - 8.6.4.3 Voortspruitende vraagstukke word deur 'n meerderheid van stemme beslis. By 'n staking van stemme beskik die Voorsitter oor 'n beslissende of tweede stem.
- 8.6.5 Notule
By alle Algemene Vergaderings word behoorlike notule van die verrigtinge en 'n aanwesighedsregister gehou. Die notule word deur die voorsitter van die vergadering geteken en sal ter insae of kopieëring deur enige lid, onderworpe aan twee (2) dae kennisgewing aan die Sekretaris of sy/haar adjunk, beskikbaar gestel word.
- 8.6.6 Bevoegdheid

Onderworpe aan die bepalinge van Artikel 8.1.1.2 hierbo, is 'n behoorlik byeen-geroepte Algemene Vergadering van die Stigting waar 'n kworum aanwesig is, bevoeg om aan al die doelstellinge gevolg te gee en alle bevoegdhede van die Stigting uit te oefen soos in die Grondwet uiteengesit.

8.8 Prosedures by Vergaderings

- 8.1 Die voorsitter, of in sy/haar afwesigheid enige aangewese bestuurslid, sal alle vergaderings lei.
 - 8.2 Alle stemme sal per handopsteek uitgebring word, tensy 'n geheime stemming deur meer as tien lede aangevra word. Die voorsitter is op 'n beslissende stem geregtig.
 - 8.3 Volmagstemme word toegelaat.
 - 8.4 Die kworum by algemene jaar- of Spesiale Algemene Vergaderings sal nie minder as twintig persent van gerespekteerde lede uitmaak nie. Indien hierdie getal nie aanwesig sou wees nie, word 'n tweede vergadering binne sewe (7) dae byeen-geroep en die getal dan aanwesig geld as kworum.
 - 8.5 Behoorlike aantekeninge van die verrigtinge sal gemaak word.
- #### 8.9 Die Bestuur se Bevoegdhede en Pligte
- Die Bestuur sal
- 8.9.1 die Stigting beheer,
 - 8.9.2 onderkomitees, individue, konsultante of vakkunidge personeel aanstel
 - 8.9.3 bankrekeninge open en bedryf, geld belê en finansiële sake doen in ooreenstemming met die Stigting se doelstellinge,
 - 8.9.4 bates ten bate van die Stigting bestuur,
 - 8.9.5 'n boekhouer / ouditeur aanstel en verseker dat behoorlik boekgehou word,
 - 8.9.6 verseker dat die grondwet gehandhaaf word,
 - 8.9.7 beskermhere en ere-lede aanstel en die Stigting se silwermedalje toeken.
- #### 8.10 Kennisgewings
- 8.10.1 Kennis van alle vergaderings waarvoor die grondwet voorsiening maak, sal persoonlik afgelewer of per vooruitbetaalde pos aan die deur elke betrokke lid, wat van sy jongste adres kennis gegee het, gestuur word - of op enige ander wyse soos nou en dan deur die Bestuur bepaal.
 - 8.10.2 Die onbedoelde versuim om 'n kennisgewing aan enige persoon te stuur sal nie die verrigtinge van enige vergadering annuleer nie.
 - 8.10.3 Indien gepos, sal kennisgewings na sewe (7) dae as ontvang geag word.

9. FINANSIËLE SAKE

9.1 Ledegeld

- 9.1.1 Die ledegeld word van tyd tot tyd deur die Bestuur vasgestel.
- 9.1.2 Die ledegeld is deur die lede voor die einde van die finansiële jaar betaalbaar.

9.2 Bankrekening

Die Bestuur open 'n bankrekening in die naam van die Stigting by 'n geregistreerde bank of bouvereniging. Die Bestuur dra daarvoor sorg dat alle geld wat die Stigting ontvang, so spoedig moontlik na ontvangs in bogenoemde bankrekening gestort word.

9.3 Handtekeninge

Alle tjeks, skuldbewyse en ander dokumente wat namens die Stigting ondertekening benodig, word deur twee (2) bestuurslede geteken.

9.4 Einde van die Finansiële Jaar

Die finansiële jaar begin op 1 Januarie en eindig op 31 Desember van dieselfde jaar.

- 9.5 Finansiële State
Die Bestuur dra daarvoor sorg dat die Stigting behoorlik boekhou sodat die Stigting se sake regmatig weerspieël word.
- 9.6 Narratiewe Jaarverslag en Finansiële State
- 9.6.1 Die Bestuur dra daarvoor sorg dat die Stigting 'n narratiewe jaarverslag opstel met die Stigting se aktiwiteite asook 'n jaarlikse finansiële verslag vir elke finansiële jaar. Die Finansiële Jaarverslae sal aan die vereistes van algemeen aanvaarde boekhoudersbeginsels voldoen en 'n inkomste- en uitgawe-staat en 'n balansstaat met bates en laste behels.
- 9.6.2 Binne twee (2) maande na die opstel van die Finansiële Jaarverslae sal die Bestuur waarborg dat:
Die Stigting 'n rekenpligtige amptenaar aanstel om te verklaar dat die finansiële jaarverslae met die Stigting se finansiële state strook en dat sy boekhoubeginsels juis en korrek toegepas is tydens die opstel daarvan.
- OF
- Die joernaal, kasboek en finansiële state deur 'n onafhanklike praktiserende geoktrooieerde rekenmeester op die gebruikelike wyse geouditeer en geattesteer word.
- 9.6.3 'n Afskrif van die Finansiële Jaarverslag en die Narratiewe Jaarverslag sal so gou moontlik na afloop van die finansiële jaar aan alle lede beskikbaar gestel word.
10. WYSIGINGE AAN DIE GRONDWET EN ONTBINDING
- Die bepalinge van onderhawige grondwet en die naam van die Stigting mag gewysig word en die Stigting mag per resoluție deur ses-en-sestig persent (66%) van aanwesige lede by 'n Algemene Vergadering ontbind word, aangenome dat behoorlike kennis van die beoogde vergadering uiters agt-en-twintig (28) dae voor die datum van die vergadering gegee word en die kennisgewing die aard van die voorgestelde resoluție aangee.
11. VRYWARING
- 11.1 Onderworpe aan die bepalinge van enige tersaaklike statuut word bestuurslede en ander ampsdraers teen alle handelingte wat hulle te goeder trou namens die Stigting onderneem het, deur die Stigting gevrywaar:
Die Stigting is verplig om alle onkoste en uitgawes te betaal wat diesulke persoon aangaan of waarvoor hy/sy as gevolg van 'n kontrak wat hy/sy aan-gegaan het of sy/haar optrede te goeder trou in genoemde hoedanigheid in die uitvoering van sy/haar pligte namens die Stigting aanspreeklik gehou mag word.
- 11.2 Onderworpe aan die bepalinge van enige tersaaklike statuut sal geen bestuurslid of enige ander ampsdraer van die Stigting aanspreeklik gehou word vir die optrede, ontvangste, versuim of verstek van enige ander lid of ampsdraer, of vir enige verlies, skade of uitgawes wat die Stigting gely het in die uitvoering van sy/haar ampspligte, tensy dit veroorsaak word as gevolg van oneerlikheid, of 'n gebrek aan noukeurigheid, werkywer en wetlik vereiste vaardigheid.
12. DISPUTE
- 12.1 In geval van 'n ernstige meningsverskil tussen bestuurslede en/of die Stigting met betrekking tot die interpretasie van onderhawige grondwet is enige twee (2) bestuurslede of enige vyf (5) lede van die Stigting by magte om 'n dispuut te verklaar. Sodanige verklaring vermeld die strydpunt en word skriftelik aan die Bestuur gerig.

- 12.2 Die Bestuur oorweeg die verklaring binne twee (2) weke van ontvangs. Indien die Bestuur die dispuut nie tot die bevrediging van die strydende partye kan besleg nie, word dit na of 'n bemiddelaar of 'n arbiter verwys.
- 12.3. Indien die dispuut na 'n bemiddelaar verwys word, moet die persoon of persone wat die dispuut verklaar en die Bestuur ooreenkom oor 'n geskikte bemiddelaar en die onkoste van so 'n bemiddeling. 'n Bemiddelaar kan 'n gepaste oplossing van die dispuut aanbeveel.
- 12.4 By gebrek aan 'n ooreenkoms rakende 'n bemiddelaar of as bemiddeling geen oplossing teweegbring, word die dispuut vir arbitrasie verwys. Die arbiter(s) sal na behore bevoeg wees ooreenkomstig die disputante se onderlinge akkoord. So nie is elke party by magte om een arbiter te nomineer. Hierdie persone sal gesamentlik met 'n derde persoon optree wat gesamentlik deur die partye se onderskeidelike genomineerdes benoem sal word. Die meerderheidsbesluit van die aangewese arbiters is finaal en bindend.
- 12.5 Die arbitrasie word op 'n informele grondslag gehou and die arbiter sal bevoeg wees om die prosedures wat gevolg moet word, te bepaal, onderhewig aan die beginsels van natuurlike regverdigheid.
- 12.6 Die arbiter kan sy/haar beslissing nie net op die toepaslike wetgewing nie, maar ook op die beginsels van billikheid en regverdigheid grond.
- 12.7 Die persoon/persone wat die dispuut verklaar en die Bestuur kan vooraf ooreenkom om die koste van die arbitrasie te deel. By gebrek aan so 'n afspraak bepaal die arbiter watter partye vir die onkoste aanspreeklik is.
- 12.8 Die arbiter se besluit is finaal en bindend vir alle partye en kan, op aansoek deur enige party, 'n hofbevel gemaak word.

EINDE.

.....
L. Hattingh (voorsitter)

.....
R. Rode (sekretaris)

.....
Datum

BYLAE A

VEREISTES VAN DIE KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS VIR VRYSTELLING VAN BELASTING EN AKSYNS

Soos in Artikel 5.3 van onderhawige grondwet voorsien, is die Vereniging voornemens om by die Belastinggaarder om vrystelling van toepaslike belasting en aksyns aansoek te doen. Ter voldoening aan die verwagte vereistes van die Kommissaris met betrekking tot sulke vrystellings, verbind die volgende voorwaardes die Vereniging:

1. In die geval van 'n OVO (Openbare Voordele-Organisasie) wat slegs vrystelling van inkomste- en aanverwante belasting kragtens artikel 10(1)(cN) van die Inkomste-belastingwet nastreef, soos gewysig:

Voer alle openbare voordele-aktiwiteite uit in ooreenstemming met artikel 30 van die Inkomstebelastingwet.

of

In die geval van 'n OVO (Openbare Voordele-Organisasie) wat 'n artikel 10(1)(cN)-vrystelling van inkomste- en aanverwante belasting en donateuraftrekbare status kragtens artikel 10(1)(cN) en 18A onderskeidelik van die inkomstebelastingwet nastreef, soos gewysig:

Voer sy openbare voordele-aktiwiteite in die Republiek uit.

2. Slegs in die geval van 'n OVO wat fondse alleenlik aan enige van inkomstebelasting vrygestelde OVO voorsien, slegs 'n artikel 10(1)(cN)-vrystelling van inkomste- en aanverwante belasting en artikel 1 8A donateuraftrekbare status soos in artikel 18A(1)(b) van die Inkomstebelastingwet, soos gewysig, uiteengesit.
In die loop van die belastingjaar wat die belastingjaar voorafgaan waarin die skenking ontvang word, uitkeer of die verpligting aangaan om so ten minste 75% van die fondse ontvang, uit te keer. Mits dit aan die Minister tereg bewys kan word dat dit vir 'n goeie doel was en onderhewig aan die voorwaardes wat hy of sy mag bepaal, óf oor die algemeen óf in 'n spesifieke geval om ten minste 75% van sy fondse uit te keer, van die verpligting afstand doen, of dit opskort of inkort met inagneming van die openbare belang and die doel waarvoor die betrokke organisasie die fondse wil vergaar.
3. Voer sy openbare voordele-aktiwiteite sonder winsbejag uit.
4. Voldoen aan die voorwaardes, indien enige, wat die Minister deur middel van verordening mag bepaal om te verseker dat die organisasie se aktiwiteite en middele vir die bevordering van sy doelstellinge bestuur word.
5. Aan die Kommissaris 'n afskrif van en 'n afskrif van enige wysiging aan die grondwet, testament of ander skriftelike instrument waaronder dit opgerig is, voorlê.
6. Verplig word om ten minste drie van mekaar onafhanklike persone aan te stel om die organisasie se vertrouensverantwoordelikheid te aanvaar en geen ander enkele persoon wat direk of indirek die organisasie se besluitnemingsbevoegdhede beheer nie: Mits die bepalinge van hierdie sub-paragraaf nie ten opsigte van enige trust wat kragtens die testament van enige persoon wat op of voor 31 Desember 2003 oorlede is, van toepassing gemaak word nie.
7. Indien die Vereniging geld belê, die geld:
 - 7.1. by 'n finansiële instelling soos omskrewen in artikel 1 van die Raad-op-Finansiële-Dienste-wet, 1990 (Wet nr. 97 van 1990); en/of
 - 7.2. in waardepapiere genoteer op 'n effektebeurs soos omskrewen in artikel 1 van die Effektebeurskontrolewet, 1985 (Wet nr. 1 van 1985); en/of
 - 7.3. in sodanige ander oordeelkundige beleggings in finansiële instrumente en bates soos die Kommissaris mag bepaal na beraadslaging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies van Algemene Nut; mits die bepalinge van onderhawige sub-paragraaf nie enige sodanige organisasie verbied om enige belegging (behalwe enige belegging in die vorm van 'n sake-onderneming of handelsaktiwiteit of bate wat in sodanige sake-onderneming of handelsaktiwiteit) te behou wat by wyse van skenking, erflating of erfporisie verkry is nie,belê.
8. Verbied om enige sake-onderneming of handelsaktiwiteit te bedryf, tensy
 - 8.1 die bruto-inkomste wat van sodanige sake-onderneming of handelsaktiwiteit verkry word, nie die grootste van:
 - 8.1.1 vyftien persent (15%) van die bruto-ontvangste van sodanige openbare voordele-organisasie; of

- 8.1.2 vyf-en-twintig duisend rand (R 25 000); oorskry nie.
- 8.2 die onderneming of aktiwiteit is:
- 8.2.1 volledig en direk verbonde aan die allenige doel van sodanige openbare voordele-organisasie; en
- 8.2.2 word uitgevoer of bestuur op grondslag van die verhaling van onkoste wat wesenlik daarop gemik is dat dit nie tot onbillike kompetisie ten opsigte van belasbare entiteite aanleiding sal gee nie
- 8.3 die onderneming of aktiwiteit, as dit nie volledig en direk verbonde aan die allenige doel van sodanige openbare voordele-organisasie is nie, soos in artikel 8.2.1 uiteengesit, van toevallige aard is en hoofsaaklik met vrywillige bystand sonder vergoeding onderneem word; of
- 8.4 die onderneming of aktiwiteit deur die Minister per kennisgewing in die Staats-koerant goedgekeur word met betrekking tot:
- 8.4.1 die omvang en welwillende aard van die onderneming of aktiwiteit;
- 8.4.2 die direkte verband en wedersydse betrekking van die onderneming of aktiwiteit met die enigste oogmerk van die openbare voordele-organisasie;
- 8.4.3 die winsgewenheid van die onderneming of aktiwiteit; en
- 8.4.4 die vlak van ekonomiese vervorming wat deur die openbare voordele-organisasie se belastingvrye status veroorsaak mag word deurdat dit die onderneming of aktiwiteit bedryf.
9. Verbied om enige skenking te aanvaar wat op versoek van die skenker herroepbaar is om redes buiten 'n materiële versuim, om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van so 'n skenking te voldoen, insluitende enige onjuiste voorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan kragtens artikel 1 8A; onder voorbehoud dat 'n skenker [uitgesonderd 'n skenker wat 'n goedgekeurde openbare voordele-organisasie of 'n instelling, raad of liggam is wat kragtens artikel 10(1)(cA)(i) van belasting vrygestel is en wie se allenige hoofdoelwit die uitvoering van enige openbare voordele-aktiwiteit is] nie voorwaardes mag oplê wat sodanige skenker of enige verbonde persoon in verhouding tot sodanige skenker, in staat mag stel, om enige direkte of indirekte voordeel uit die gebruik van sodanige skenking te trek nie.
10. Daarvoor sorg dra dat dit nie bewustelik betrokke raak by, en nie bewustelik toelaat dat dit gebruik word as deelgenoot by enige transaksie, verrigting of skema waarvan die enigste of hoofdoel die verlaging, uitstel of ontduiking van aanspreeklikheid vir enige belasting, aksyns of heffing is, wat afgesien van sodanige transaksie, verrigting of heffing betaalbaar sou gewees of geword het deur enige persoon kragtens die wet of enige ander wet wat deur die Kommissaris toegepas word.
11. Het nie en sal nie enige buitensporige vergoeding aan enige werknemer, ampsdraer, lid of ander persoon betaal nie, soos omskrewe in die Vierde Aanslag met inagneming van wat algemeen as redelik aanvaar word in die sektor en in verhouding met die gelewerde diens en sal nie ekonomies enige persoon bevoordeel op 'n wyse wat nie met die Vereniging se doelstellinge strook nie.
12. Voldoen aan sodanige verslagdoeningsvereistes soos wat dit deur die Kommissaris bepaal mag word.
13. Redelike stappe doen om te verseker dat die fondse wat dit aan enige vereniging of persone mag verskaf, soos in artikel 30(b)(iii) van die Wet uiteengesit, vir die doel waarvoor dit voorsien is, benut word.

14. Word geregistreer kragtens artikel 13(5) van die Nie-Winsgewende Organisasieswet, 1997 (Wet nr. 71 van 1997), binne sodanige tydperk soos wat die Kommissaris mag bepaal en voldoen aan enige ander vereistes wat deur dié wet opgelê is, tensy die Kommissaris in oorleg met die aangewese Direkteur van Nie-Winsgewende Organisasies kragtens artikel 8 van die Nie-Winsgewende Organisasieswet, 1997, te bewese goeder trou anders bepaal.
15. Het nie en sal nie sy middele gebruik om direk of indirek 'n politieke party te bevorder of te opponeer nie.
16. Sorg dra dat joernaal, kasboek en finansiële state of ander dokumente wat op sy sake betrekking het:
 - 16.1 waar dit in boekvorm gehou word, behou en sorgvuldig bewaar word deur enige persoon in beheer van die organisasie vir 'n tydperk van ten minste vier jaar na die datum van die laaste aantekening in enige sodanige boek; of
 - 16.2 waar dit nie in boekvorm gehou word nie, dit behou en sorgvuldig bewaar word deur enige persoon in beheer van die organisasie vir 'n periode van vier jaar na die voltooiing van die transaksie, optrede of verrigting waarop dit betrekking het.

BYLAE B

ALGEMENE ADMINISTRATIEWE EN BELEGGINGSVOLMAG

1. Om personeel aan te stel en professionele en ander dienste in diens te neem.
2. Om enige geregtelike prosedures in te stel of te verdedig en om enige eis te skik wat deur of teen die Vereniging gemaak word.
3. Om bankrekeninge by geregistreerde banke en bouverenigings te open en te bedryf.
4. Om beleggings te maak en af te wissel en die opbrengs van sodanige beleggings te herbelê op voorwaarde dat enige beleggings wat die Vereniging maak, by finansiële instellings gemaak sal word, soos beskrewe in Bylae A Artikel 7 hierbo.
5. Om skenkings wat aan die Vereniging gemaak word, te aanvaar en in die vorm waarin dit ontvang word, te bewaar of te verkoop en die opbrengs te herbelê.
6. Met betrekking tot roerende en onroerende goedere en tasbare en ontasbare bates van welke aard ookal:
 - 6.1 om eiendom en bates aan te koop of te verwerf;
 - 6.2 om die Vereniging se eiendom en bates te onderhou, bestuur, ontwikkel, te ruil, verhuur, verkoop of om op enige wyse daarmee sake te doen;
 - 6.3 om die Vereniging se eiendom en bates aan organisasies met dieselfde of soortgelyke doelstellinge en dieselfde vrystelling van belastings en aksyns soos die van die Vereniging, te skenk en oor te dra.
7. Om die Vereniging se eiendom of bates as waarborg vir lenings uit te leen en te gebruik.
8. Om die nakoming van kontrakte of verpligtinge van enige persoon te waarborg op voorwaarde dat enige sodanige persoon allereers by aktiwiteite betrokke is wat die doelstellinge van die Vereniging bevorder.
9. Om enige handeling of akte in enige aktekantoor, mynbriewe of ander openbare amp te verrig.

10. Om met ander organisasies saam te werk en saam te smelt wat dieselfde of soortgelyke doelstellinge en dieselfde vrystelling van belasting en aksyns soos die van die Vereniging het.
11. Om alle bestuurs- en uitvoerende bevoegdhede wat normaalweg by die direksie van 'n maatskappy berus, uit te oefen
12. Om al die bevoegdhede en gesag van die Vereniging nie net in die Republiek nie maar ook in enige ander wêrelddeel uit te oefen.

Einde van Nuusbrief.